SENWES BEPERK

(INGELYF IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

Registrasienommer 1997/005336/06

(“Senwes" of “die Maatskappy”)

AANDELETERUGKOOPPROGRAM 2021/2022

Senwes gee hiermee kennis aan sy aandeelhouers dat die Maatskappy 'n onafhanklike makelaarsfirma sal aanstel om terugkope van gewone aandele in Senwes ("Senwes aandele") op die OTC-aandeelverhandelingstoonbank ("die OTC") te doen vanaf 6 Desember 2021 tot 31 Maart 2022, of totdat die aanbod ten volle opgeneem is, of 1,8% van die uitgereikte aandele teruggekoop is, welke ook al eerste plaasvind ("**die Terugkoopprogram"**). Die Terugkoopprogram word geïmplementeer ten einde alle aandeelhouers te voorsien van 'n waardeontsluitingsgeleentheid, volgens hul vrywillige keuse.

Alle terugkope in terme van die Terugkoopprogram is in ooreenstemming met die algemene magtiging wat per spesiale besluit deur aandeelhouers verleen is by die Maatskappy se algemene jaarvergadering gehou op 26 Augustus 2021 en in nakoming van artikels 44 en 48(8) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (“die Wet”). Die aandele wat op hierdie wyse teruggekoop word, sal as tesourieaandele gehou word, soos voorsien word in artikel 48(2)(b) van die Wet, vir doeleindes van, inter alia, die toekomstige omskakeling van die AgriRewards lojaliteitskemavoordele en geen stemreg is daaraan gekoppel nie.

In terme van die Terugkoopprogram sal die koopprys per Senwes aandeel wissel tussen R12,00 en R17,00. Die maksimum totale bedrag wat betaal sal word in terme van die Terugkoopprogram, sal R60 miljoen beloop, ongeag die aantal Senwes aandele wat teruggekoop mag word. Die maksimum totale aantal Senwes aandele wat teruggekoop word, ongeag die totale terugkoopprys wat betaal word, sal gelykstaande wees aan 1,8% (een komma agt persent) van die totale uitgereikte kapitaal.

Aangesien die koopprys van aandele in die Terugkoopprogram gebaseer is op die onlangse werklike markprys van die Senwes aandele, is die direksie van mening dat die terugkoopaanbod billik en redelik is. Die finansiële effek is voorberei deur dit op Senwes se rekeningkundige beleide te baseer en is konsekwent met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS") en die basis waarop historiese inligting voorberei is, is ooreenkomstig die rekeningkundige beleide soos op 31 Oktober 2021.

Finansiële effek:

Rand per Senwes aandeel			
	Voor die terugkoop	**Na die terugkoop**	**% verandering**
Netto batewaarde	18.04	18.02	0.0
Verdienste per aandeel	1.74	1.77	1.7

Die rekorddatum vir deelname deur aandeelhouers aan die Terugkoopprogram, sal 6 Desember 2021 wees.

IN OPDRAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
EM JOYNT (MEV)
GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS
3 Desember 2021